
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2025

# REKENINGKUNDE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders in die nasienriglyne aangedui, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien ŉ kandidaat nie punte op ŉ ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir ŉ korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien ŉ vooraansuiweringsyfer as ŉ finale syfer getoon word, ken die deelpunt toe vir die bewerking van daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LET WEL:** As syfers aangedui is in die nasienriglyne vir komponent-dele in bewerkings wat nie deelpunte verdien nie, kan die metodepunt van die finale antwoord ook nie toegeken word nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of **–** teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui in die nasienriglyne, kan deelpunte toegeken word om die verskil in kwaliteit van kandidate se antwoorde te bepunt.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items, indien volpunte toegeken is. (maks -2 per V)
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as ŉ negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    **LET WEL:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees vlg. kandidaat se bewerkings (indien geldig) of vlg. nasienriglyne.
11. In bewerkings, moet nie punte vir bewerking as teller en noemer omgeruil is toeken nie **–** hierdie is ook op verhoudings van toepassing.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met ŉ ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die nasienriglyn verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding; s = oortollig

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1

### 1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

1.1.1 **Verduidelik EEN punt om te wys waarom ’n debiteure-ouderdomsontleding ’n belangrike interne beheermaatreël is vir enige besigheid wat op krediet verkoop.**

Enige EEN ✓✓ 2 of 0 Geen deelpunte nie

- Identifiseer stadige / nie-betalende debiteure
- Identifiseer debiteure wat nie by die kredietvoorwaardes hou nie
- Identifiseer debiteure wat hul kredietperke oorskry
- Help met stappe wat geneem moet word om debiteure te herinner
- Identifiseer debiteure wie se kredietgradering aangepas moet word
- Besigheid kan potensiële kontanvloeiprobleme vooruitskat en die nodige stappe neem om probleme te voorkom

2

1.1.2 **Verwys na Inligting B en verduidelik TWEE probleme wat deur die debiteure-ouderdomsontleding uitgewys is. Verskaf name en syfers in jou antwoord.**

| PROBLEEM<br>Enige TWEE ✓ ✓ | NAAM EN SYFER<br>NAAM ✓ ✓ SYFER ✓ ✓ |
|---|---|
| Debiteure oorskry kredietlimiete | Holtz se limiet, R7 000, totale skuld R8 400 |
| Agterstallige rekeninge /stadige betalers | Jansen skuld R1 900 vir 90 dae<br>Peens skuld R11 225 vir 60+ dae<br>Rootman skuld R3 200 vir 60 dae |
| Swak beheer oor toestaan van krediet/verkoop steeds aan debiteure wie se rekeninge agterstallig is | Jansen R1 900 agterstallig, lopend R1 000<br>Peens R11 225 agterstallig, lopend R14 050<br>Rootman R3 200 agterstallig, lopend R3 800 |

6

### 1.2 DEBITEUREREKONSILIASIE

| Nr. | Debiteurekontrole-rekening | Debiteurelys |
|---|---|---|
| **Voorlopige saldo/totaal** | **R65 600** | **R67 790** |
| **(i)** | | + 2 500 ✓ |
| **(ii)** | | - 1 300 ✓ |
| **(iii)** | + 1 800 ✓ | |
| **(iv)** | - 2 700 ✓ | - 2 700 ✓ |
| **(v)** | | - 90 ✓✓ |
| **(vi)** | | - 2 400 ✓✓<br>(-1 200 – 1 200) een punt elk |
| **(vii)** | - 2 500 ✓ | - 2 500 ✓ |
| **(viii)** | Geen inskrywing ✓ **OF** [+3 500 – 3 500] | |
| **(ix)** | + 1 800 ✓✓<br>**OF** + 1 800 ☑ | + 1 800 ☑<br>+ 1 800 ✓✓ |
| **(x)** | - 900 ✓ | |
| **Korrekte saldo/totaal** | 63 100 ☑ * | 63 100 |

Punte toegeken vir korrekte teken met bedrag. Aanvaar gebruik van hakies vir negatiewe bedrae
*Een deel korrek vir beide totale (hoef nie dieselfde totaal te wees nie) – Moet voorlopige saldo/totaal insluit
Oortollige inskrywings, verloor metodepunt vir totaal

17

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1.3 KREDITEURE

**Makanda Handelaars is nie heeltemal tevrede met die kwaliteit van goedere wat van Gqeberha Dienste ontvang word nie.**
**Noem TWEE faktore om te oorweeg voordat hulle van verskaffer verander.**
Enige TWEE ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Die kredietterme aangebied
- Sal daar korting vir vroeë betaling wees
- Sal alternatiewe verskaffer aan die besigheid se eise kan voldoen
- Die kwaliteit van die produkte wat hulle sal kan lewer/betroubaarheid en aflewerings

4

## 1.4 BANKREKONSILIASIE

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Kredietsaldo volgens bankstaat | | 53 900 ✓ |
| Krediteer laat deposito | | 38 250 ✓ |
| Debiteer uitstaande EFO Nr. 675 | 5 400 ✓ | |
| Debiteer fout op EFO Nr. 687 | 900 ✓ | |
| Krediteer vreemde debietorder | | 2 500 ✓ |
| Debietsaldo volgens bankrekening | 88 350 ☑* | |
| | 94 650 | 94 650 |

*Bewerking, een deel korrek. Beide totale moet dieselfde wees

6

**OF**

*1 kolommetode –*
*Merk slegs een opsie; kies opsie wat kandidaat bevoordeel.*

| | Opsie 1 | Opsie 2 |
|---|---|---|
| Saldo volgens bankstaat | (53 900) ✓ | 53 900 ✓ |
| Laat deposito | (38 250) ✓ | 38 250 ✓ |
| Uitstaande EFO Nr. 675 | 5 400 ✓ | (5 400) ✓ |
| Fout op EFO Nr. 687 | 900 ✓ | (900) ✓ |
| Vreemde debietorder | (2 500) ✓ | 2 500 ✓ |
| Debietsaldo volgens bankrekening | (88 350) ☑* | 88 350 ☑* |

*Bewerking, een deel korrek

| TOTALE PUNTE | 35 |
|---|---|


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2

### 2.1 BEGRIPPE

| | |
|---|---|
| 2.1.1 | Verkoops- en verspreidingskoste ✓ |
| 2.1.2 | Direkte materiaalkoste ✓ |
| 2.1.3 | Fabrieksbokoste ✓ |
| 2.1.4 | Administratiewe koste ✓ |

**4**

2.2.1 **Bereken die direkte materiaalkoste.**

| BEREKENING | ANTWOORD |
|---|---|
| 260 500 ✓+ 1 500 600 ✓ + 89 000 ✓ – 13 700 ✓ – 183 100 ✓ = | 1 653 300 ☑* <br>* Een deel korrek |

**6**

**Bereken die direkte arbeidskoste.**

| BEREKENING | ANTWOORD |
|---|---|
| Gewone tyd 9 x 60 x 1 950 = 1 053 000 ✓☑*<br>Oortyd 150 x 60 x 1,5 = 13 500 ✓☑*<br>Bydrae (10% van gewone tyd) 105 300 ☑ | 1 171 800 ☑*<br>* Een deel korrek |

**6**

**Bereken die fabrieksbokoste.**

| | |
|---|---|
| **Voorlopige totaal** | **R530 200** |
| Huuruitgawe [60 000 x 6/3 x 6/10] - 60 000<br>72 000 | + 12 000 ✓☑* |
| Water en elektrisiteit (240 800 x 20%) | - 48 160 ✓☑* |
| Versekering (85 000 x 70%) | + 59 500 ✓☑* |
| Toets bewerking; moet R530 200 insluit; Huur en Versekering moet bygetel word; Water en elektrisiteit moet afgetrek word | 553 540 ☑*<br>* Een deel korrek |

**7**

2.2.2 **Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 April 2025.**

| | | |
|---|---|---|
| **Direkte materiaalkoste** | Sien 2.2.1(i) | 1 653 300 ☑ |
| **Direkte arbeid** | Sien 2.2.1(ii) | 1 171 800 ☑ |
| Primêre koste | | 2 825 100 ☑ |
| Fabrieksbokoste | Sien 2.2.1(iii) | 553 540 ☑ |
| **Totale vervaardigingskoste** | | 3 378 640 ☑ |
| **Goedere-in-bewerking (1 Mei 2024)** | | 75 200 ✓ |
| | | 3 453 840 |
| Goedere-in-bewerking (30 April 2025) | Balanserende syfer | (15 840) ☑ |
| **Koste van produksie vir klaarprodukte** | (3 820 x R900) | 3 438 000 ✓✓ |

**9**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.3

| **Bereken die gelykbreekpunt vir 2025.** | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| 1 008 000 ✓ / 1 350 ✓✓ – 950 ✓✓ (400 vier punte) | 2 520 eenhede ☑ Een deel korrek |

6

**Verduidelik of die eienaar bekommerd moet wees of nie, oor die resultate. Verskaf syfers in jou verduideliking.**

Vergelyk GBP met vlak van produksie ✓✓ Syfers ✓

- Die eienaar hoef nie bekommerd te wees nie aangesien die besigheid 3 820 rekenaarsakke vervaardig en verkoop het en die gelykbreekpunt was 2 520 (sien 2.2.3 hierbo)
- Die besigheid het wins op 1 300 rekenaarsakke gemaak.

3

2.2.4 **Verduidelik die verskil tussen *vaste* en *veranderlike koste*.**

✓✓

Vaste koste bly dieselfde ongeag die aantal eenhede geproduseer.
Veranderlike koste styg/daal indien die aantal eenhede geproduseer styg/daal.

2

2.2.5 **Verduidelik die term *"ekonomie van skaal"* in terme van vaste koste.**

✓✓ Deelpunte vir onvolledige antwoorde

Soos meer eenhede geproduseer word, sal die vaste koste per eenheid daal.

2

| **TOTALE PUNTE** | **45** |
|---|---|

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

### 3.1 BEGRIPPE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | D | Spesifieke identifikasie | ✓ |
| 3.1.2 | A | Eerste-in-eerste-uit | ✓ |
| 3.1.3 | E | Geweegdegemiddelde | ✓ |
| 3.1.4 | C | Deurlopende stelsel | ✓ |

**4**

### 3.2 VOORRAADWAARDASIE

3.2.1

| Bereken die eenheidsprys van die krieketkolwe op 1 Maart 2024. | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| 1 050 000 / 700 | 1 500 ✓✓<br>Geen deelpunte nie |

**2**

3.2.2

| Bereken die waarde van voorraad voorhande op 28 Februarie 2025. | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| 1 050 000 ✓+12 575 000✓-[18 000+106 000]✓+218 300 ✓ / [700 + 6 300] ✓- 50 ✓ x 930 ✓<br><br>**OF** 13 719 300 (vier punte) / 6 950 (twee punte) x 930 (een punt)<br><br>**OF** 1 974 (ses punte) x 930 (een punt) = | 1 835 820 ☑<br>Een deel korrek indien x 930 |

**8**

3.2.3

| Bereken die bruto wins op 28 Februarie 2025. | | |
|---|---|---|
| **BEREKENING** | | **ANTWOORD** |
| Verkope (6 050 x R3 200) | 19 360 000 ✓☑ | 7 476 520☑*<br>* Een deel korrek Indien Verkope - Koste |
| Koste v verkope (13 719 300 ☑ - 1 835 820 ☑) (sien 3.2.2) | 11 883 480 ☑ | |

**6**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2.4 **Bereken hoeveel dae dit behoort te neem om die eindvoorraad van krieketkolwe te verkoop. Gebruik die eindvoorraad in jou berekening. Hou in gedagte dat die voorraadhoudingsperiode vir 2024, 34 dae was en lewer kortliks kommentaar op jou antwoord.**

| BEREKENING | ANTWOORD |
|---|---|
| 1 835 820 ☑ (sien 3.2.2) / 11 883 480 ☑ (sien 3.2.3) x 365 = | 56,4 dae ☑<br>Een deel korrek slegs indien x 365<br>Toets bewerking |

**KOMMENTAAR**

Enige EEN kommentaar ✓✓ Antwoord hang af van berekening hierbo Syfers word nie benodig

- Voorraadhoudingsperiode het toegeneem van 34 dae tot 56,4 dae (sien hierbo)
- Geld is vir langer as in 2024 (slegs 34 dae) opgesluit in voorraad.
- Te veel voorraad
- Groter moontlikheid vir diefstal van voorraad
- Voorraad kan verouderd raak /beter kolwe op die mark

**5**

3.2.5 **Rabada vermoed dat sommige van die krieketkolwe gedurende die jaar gesteel is. Verskaf 'n berekening om sy kommer te ondersteun. Gee TWEE punte van advies vir Rabada om hierdie situasie te verbeter.**

| BEREKENING | ANTWOORD |
|---|---|
| [700 + 6 300 - 50]<br>6 950 ☑(sien 3.2.2) - 6 050 ✓ - 930 ✓ = | 30 gesteel ☑ |

**ADVIES**

Enige TWEE punte van advies ✓✓ ✓✓

- Verbeter fisiese sekuriteit
- Sekuriteitsplaatjies op toerusting
- Verdeling van pligte (een punt); ten minste 2 mense betrokke by elke transaksie
- Gereelde voorraadtelling wat geverifiëer word met voorraadkaarte/ rekening
- Installeer kameras (een punt) vir beter beheer oor voorraad

**8**

3.2.6 **Verduidelik EEN rede waarom die besigheid verskillende metodes gebruik om hul voorraad te waardeer.**

Een geldige punt ✓✓

- Hoeveelheid van produkte verskil.
- Waarde van produkte verskil.
- Ontwerp van kriekethemde verander gedurig / voorraad kan verouder.
- Ontwerp van krieketkolwe bly redelik dieselfde.

**2**

| TOTALE PUNTE | 35 |
|---|---|

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

### 4.1 VASTE BATES

4.1.1

| Bereken die drawaarde van grond en geboue op 1 Maart 2024. | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| 5 100 000 – 860 000 = | 4 240 000 ✓✓<br>(Geen deelpunte nie) |

2

4.1.2

**'n Gebou wat net so groot is en in dieselfde omgewing as die maatskappy se gebou is, is onlangs teen R10 000 000 verkoop. Die hoof-uitvoerende beampte het die interne ouditeur versoek om die maatskappy se geboue teen R8 000 000 te herwaardeer.**
**Verduidelik waarom die interne ouditeur 'n probleem met hierdie versoek het. Verwys na 'n AARP-beginsel in jou verduideliking.**

Beginsel ✓
Verduideliking ✓✓

Historiese kostebeginsel

Oorspronklike faktuur /dokument dien as bewys van betaling en bates moet in die boeke teen kosprys aangeteken word.
Voorkom dat syfers van jaar tot jaar gemanupileer word.

3

4.1.3

| Bereken die totale waardevermindering op voertuie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| Ou voertuie: 700 000 x 15% = 105 000, maar 19 999 ✓✓<br>Maks d/w<br>Nuwe voertuie: 740 000 ✓ 15% x 4/12 ✓ 37 000 ☑<br>(x 15% een deel korrek) | 56 999 ☑<br>(Een deel korrek) |

6

4.1.4

| Bereken die totale opgehoopte waardevermindering op toerusting wat op 31 Oktober 2024 verkoop is. | |
|---|---|
| **BEREKENING** | **ANTWOORD** |
| 1/03/22 – 28/02/23 30 000 x 10/100 3 000 ✓<br>1/03/23 – 28/02/24 [30 000 – 3 000] x 10% 2 700 ✓☑<br>1/03/24 – 31/10/24 [30 000 – 5 700] x 10% x 8/12 ✓ 1 620 ☑ | 7 320 ☑<br>(Een deel korrek) |

6

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1.5 **Algemene grootboek van Govender Bpk.**

**Bateverkoperekening**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2024 Okt | 31 | Toerusting | 30 000 ✓ | 2024 Okt | 31 | Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 7 320 ☑ |
| | | | | | | Bank | 5 000 ✓ |
| | | | | | | Verlies met verkoop van bate ☑ | 17 680 ☑ balanserende bedrag |
| | | | 30 000 | | | | 30 000 |
| | | *besonderhede en bedrag moet korrek wees | | | | | |

5

4.1.6 **'n Werknemer wou die ou toerusting gekoop het en was uiters ontevrede toe hy hoor dat die toerusting aan een van die direkteure verkoop is. Lewer kommentaar op hierdie situasie.**

Enige TWEE ✓✓ ✓✓

Dit is onetiese gedrag van die direkteur.
Toerusting is teen 'n verlies van R17 680 verkoop.
Dit moes vir alle belangstellendes beskikbaar gewees het/alle belangegroepe
Verkoopprys moes baie hoër gewees het.

4

4.2 **PROBLEEMOPLOSSING**

| | **PROBLEEM (MET SYFERS)**<br>EEN punt probleem ✓ ✓ ✓<br>EEN punt syfer ✓ ✓ ✓ | **ADVIES**<br>EEN punt advies ✓ ✓ ✓ |
|---|---|---|
| **Vincent** | Eindvoorraad is te hoog (400 nie verkoop van beskikbare 550) /<br>Baie lae verkope (150 van 550)<br>Winsopslag te hoog (70%) | Bestel voorraad soos benodig<br>Verlaag verkoopprys<br>Verkooppromosies / adverteer om verkope te verhoog<br>Verlaag winsopslag-%<br>Lei verkoopspersoneel op |
| **Cambridge** | Hoë getal fietse teruggebring vir herstelwerk (10)<br>Vermiste kontant (R285 000) | Opleiding aan personeel om herstelwerk te verminder<br>Ondersoek vermiste kontant<br>Verdeling van pligte – 2 verskillende mense moet kontant ontvang en deponeer |
| **Selborne** | Nie genoeg voorraad vir vraag nie (500 bestellings, slegs 380 beskikbaar)<br>Geen voorraad op hande om nuwe jaar te begin (0) | Kry voorraad van Vincent winkel<br>Koop meer voorraad |

9

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African